Pretoria Nuusbrief, Julie 2008

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria.

Waar die beperkte toegang tot Pretoria eers 'n voordeel was, veral ten opsigte van beskerming, is dit vandag 'n groot kopseer. Baie mense hier in Pretoria Noord werk vandag in die middestad van Pretoria en selfs in Johannesburg, maar lankal was dit heeltemal onmoontlik. Om van die Kerkplein na Wonderboom te gaan met 'n ossewa was byna 'n dagreis ver. Entrepeneurs het gou die kans waargeneem en oral in die buitewyke van Pretoria het hotelle verskyn.

Ek plaas hier 'n paar foto's van vier van die hotelle wat ek 'n jaar gelede by een van my broers present gekry het. Ek het ook 'n foto van die gebou [moontlike hotel] by Daspoort, maar die foto kon ek ongelukkig nie op my rekenaar opspoor nie. Die kleur van die foto's is so 'n mooi verbleikte sepia maar ek het dit effe verander om dit beter sigbaar te maak. Die datum van die foto's kon ek ongelukkig nie bepaal nie.




**Fountain Grove Hotel by die Fonteine**

Kyk net na die klere van die man met die trapfiets. Dit lyk soos iets uit 'n Laurel en Hardy rolprent.

Dan was daar ook 'n Fountain Hotel in Pretoriusstraat, en die huis van Bars Perreira op die hoek van Skinner- en Markstraat het bekend gestaan as Fountain Lodge.



**Halfweghuis Hotel**




**Hotel Six-Mile Spruit**



**Hotel in Wonderboompoort**

Dit is definitief Wonderboompoort maar ek is nie seker of dit 'n hotel, winkel of slegs 'n uitspanning was nie. Kyk die boepensvarkie links onder op die foto.

Vandag is dit so maklik om tot hier te ry. Reguit in Paul Krugerstraat af. In daardie dae was dit 'n heel ander storie.

Markstraat [Paul Krugerstraat] het net tot by Boomstraat geloop. Dit lyk asof daar wel 'n voetpad oor die berg was. J.F. Celliers, redakteur van De Volksstem en vader van die digter Jan F.E. Celliers het in 1880 die volgende kennisgewing in die koerant geplaas: "Markstraat loop net tot by Rus in Urbe. Geen deurgang verder. Oortreders sal vervolg word".

Die pad na die noorde het oor die Apiesrivier gegaan by Hovesdrift. Dit is ongeveer waar Soutpansbergweg vandag oor die rivier gaan. Ek sien op die kaarte dat daar darem nog 'n klein straatjie is met die naam Theodore Hove. Dan oor die plaas Rietfontein en daarna deur die bloekomplantasie by Kruger se plaas. Dit is 'n seun van pres. Kruger wat hier 'n plaas gehad het.

Op die plaas Rietfontein was ook 'n hotel en 'n winkel. Ongelukkig weet ons vandag nie meer waar presies die hotel was nie. Die volgende advertensie kom uit De Volksstem van 7 Augustus 1880.

**RIETFONTEIN**
**HOTEL AND STORE**
**BLACKBURNE & STEARY**

Have you ever had a good look at that beautifull ridge of Mountains called Magalies Berg?

Of course you have : but then you had to walk out, or to ride out, and if you wanted to lose yourself in quiet contemplation of the glorious scene around you, so as to be able to return to your work, *refreshed by nature's holy charms*, you had to sit down alongside the dusty road and instead of getting *refreshed,* your thoughts became *extra mural*. And generally turned upon this: "Why is there not a nice comfortable place where one can sit down in the shade, rest oneself and drink a glass of something mild or strong?

But what do I hear!
A spirit in my ear is whispering that there is such a placeand that its name is
**RIETFONTEIN**

- and that these benefactors of mankind, the owners are called

**BLACKBURNE & STEARY**

I also hear from a gentleman who was there the other day and who had been looking so long at the Magalies Bergen the he lost his dinner through it. Sad at heart, he asked in a pitiable tone of voice: "Could I get a bit of bread and cheese here?" When lo; The answer was : "Sir! If you wait five minutes there will be

Dinner at 1.30 P.M."
And I also hear the dinner was excellent.

AND HOW LUCKY!
You need not trouble yourself, about your Horse, as there is in every respect Accommodation for man and beast.
Good STABLING!
Good FORAGE!!
Good GROOM!!!

"No joy however is complete! How can it be in this miserable world of ours?
His stirrup leather broke just when he mounted.

WHAT A SELL

Going out on horseback and coming back on foot. Well it was a sell. But not in the way he thought. It was, namely, a sell for Mr. Blackburne, because he SOLD him a stirrup leather. Yes, there was also actually
**A STORE**
Where you could get everything your heart could desire.

What a blissfull spot!
He finished by saying: "If I had not been obliged to go back, I would have stopped altogether," but now what is the greatest bliss of all?
You always find the "**VOLKSSTEM**" There.

Twee maande later op 16 Oktober word daar berig dat die hotel tydens ‘n donderstorm deur weerlig getref is.  Niemand is beseer nie en die skade was nie baie groot nie.  Die weerlig het albei die skoorstene getref en ‘n balk in mnr. Balckburne se kamer is versplinter.  Die volgende dag het die reuk van swael nog in die lug gehang.  Volgende naweek se duifskietkompetisie gaan egter voort.  Al die goeie skuts van die kontrei sal daar wees en dit beloof ‘n genotvolle dag vir almal te wees.

In dieselfde koerant word ook berig dat mnr. Finch Pretoria gaan verlaat. Tydens sy afskeid by die European Hotel is ‘n silwer beker en ‘n adres aan hom oorhandig vir sy bevordering van duifskiet onder die jong mense van die stad.

Dit is die laaste berig oor die Rietfontein Hotel wat ek in die ou koerante gelees het.  Intussen adverteer Hendrik J. Schoeman [Voksstem 18 September 1880] dat hy die plaas Rietfontein wil verkoop. Daar is twee woonhuise, ‘n fontein en vrugtebome op die plaas.  Daar was baie plase met die naam Rietfontein.  Of dit dieselfde plaas is kan nie vasgestel word nie.



Hierdie is ‘n kopie van ‘n foto wat ek oorspronklik by ‘n antieke handelaar gefotografeer het.  Hy het dit beskryf as ‘n foto van Meintjeskop.  So het ek dit ook gebruik in ‘n vorige brief  [April 2006].  Onlangs sien ek dieselfde foto by die Staatsargiewe maar hulle beskryf dit as ‘n foto van Rietfontein.  Nou is ek gladnie meer seker of dit wel Meintjeskop kan wees nie.  Die foto is geneem deur die fotograaf H.F. Gors, werksaam in Pretoria van af 1875 tot ca. 1890.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel